

Bewaarder van die stilte: Gedagtes oor J.M. Coetzee se etiek van skryf

Willem Anker

Opsomming

In J.M. Coetzee se vroeëre werke, *Life & Times of Michael K* ([1983]1987a) en *Foe* ([1986]1987b), word twee stemlose, onessensialiseerbare figure uitgebeeld. Hierdie figure is nie alleen manifestasies van die Ander nie, maar ook idiotefigure, onkundige bewussynne met 'n beperkte taalvermoë – radikale buitestaanders. Hierdie artikel is 'n ondersoek na hoe Coetzee hierdie subjektiwiteite op 'n etiese wyse uitbeeld in sy skryfwerk. Daar word in die eerste plek aangevoer dat die konstruksie van 'n gesentraliseerde subjektiwiteit 'n onderwerpingsstegniek van die moderne Staat is. Die artikel wys dan hoe die twee karakters die interpretasieprosesse van die magstrukture ontsnap en hoe Coetzee se meersinnige vertelstyl dit ook laat blyk dat die karakters die pogings tot stemgewing en interpretasie van die verteller in die tekste ontsnap. Dit sal duidelik word dat die leser geaffekteerd bly ondanks die afstandelikheid waarmee die karakters uitgebeeld word, juis omdat die waarde van hul onessensialiseerbare bestaanswyse in die tekste verwerklik word. Uiteindelik sal die artikel poneer dat die etiese verantwoordelikheid van die skrywer daarin lê om nie die vertellerstem gelyk te wil stel aan die stem van die Ander nie, maar dat die tekste talige uitbeeldings is van 'n weiering om te praat namens 'n onbekende en onkenbare subjektiwiteit.

Summary

In two of J.M. Coetzee's early works, *Life & Times of Michael K* ([1983]1987a) and *Foe* ([1986]1987b), two voiceless, unessentialised figures are portrayed. These figures are not only manifestations of the Other, but also idiot-figures, ignorant consciousnesses with a restricted language ability – radical outsiders. This article is a study of how Coetzee portrays these subjectivities in an ethical way in his writings. Firstly it is argued that the construction of a centralised subjectivity is a technique of subjection of the modern State. The article then shows how the two characters escape the processes of interpretation of the power structures. Furthermore it analyses how as an effect of Coetzee's ambiguous style it appears as if the characters also escape the attempts of the narrator to interpret them or give them a voice. It will become clear that reader engagement is effected despite the detached way in which the characters are portrayed. This is exactly because their irreducible being cannot be essentialised by the text. In the end the article argues for an ethical position where the equation of the narrator's voice with that of the Other is relinquished, so that the texts are portrayals and linguistic expressions of a refusal to speak on behalf of an unknown and unknowable subjectivity.

JLS/TLW

I have escaped the camps; perhaps, if I lie low,
I will escape the charity too.
– *Life & Times of Michael K* (p. 249)

Could it be that somewhere within him
he was laughing at my efforts
to bring him nearer to a state of speech?
– *Foe* (p. 146)

1 Twee flikkeringe

In 1983 en 1986 publiseer J.M. Coetzee twee romans, *Life & Times of Michael K* en *Foe*. In albei romans vermag Coetzee iets besonder: Met 'n uiters konkrete skryfstyl skep hy die tekstuele effek waardeur die twee karakters ontsnap aan die teks en die verteller; die figure van Michael K en Friday bly soos flikkeringe speel oor die teks, maar nooit word hul essensies vasgeskryf nie. Tog is hierdie twee van Coetzee se aangrypendste karakters. Dit wil, binne die lesing van die tekste wat ek hier wil toepas, voorkom of die skrywer sigself oorgee aan die oormag van taal, op so 'n manier dat die betekenaars in die teks oopgestel word en plek maak vir 'n leserskonstruksie van 'n karakter wat 'n radikaal ander bestaansmodus beliggaam. Beide hierdie karakters kan dus gelees word as stemlose, onessensialiseerbare figure. Terselfdertyd word die *waarde* van onidentifiseerbaarheid en onessensialiseerbaarheid hier opgestel teenoor die gebruikelike soeke na essensies, identiteite of subjektiwiteite. Hier is dus sprake van 'n spesifieke skrywerlike tegniek wat kies om weg te skryf van die essensiële wese van die karakter, en wat eerder kies om die etiese *waarde* van die karakter se bestaansmodus fyn te be-skryf.

Beide hierdie figure is voorbeelde van wat in die postkoloniale diskoers die Ander genoem word. Beide is nie-blank, afwykings van die wit norm; beide bestaan buite die homogene orde van die Staat waarbinne hulle hulself bevind; en beide is so te sê stemloos. K praat nie veel nie, veral nie wanneer dit van hom verwag word nie, en Friday se tong is letterlik uitgesny. Verder is beide onkundig in die domein van Westerse kennis en wanaangepas in die Westerse leefwêreld. Losweg kan beide gedefinieer word as wat in die wêreldletterkunde bekend staan as idiotefigure.

Die term “idiot” word nie as pejoratief gebruik nie, maar dui op die besit van 'n onkundige, gewoonlik vertraagde, bewussyn met 'n beperkte taalvermoë wat gevolglik ook buitestaanderskap inhou. *Brewer's Concise Dictionary of Phrase and Fable* gee die definisie van “idiot” as volg: “A mentally deficient or stupid person, originally (in Greece), a private person, one not engaged in any public office hence an uneducated, ignorant individual (Kirkpatrick 1992: 532; my kursivering). Die term “idiot” word

in hierdie artikel gebruik met veral die tweede, gekursiveerde gedeelte van die definisie in gedagte.

’n Mens kan die gebruik van idiote as literêre karakters dikwels lees as die beliggaming van ’n radikale ander of vreemde bestaansmodus, ’n bestaansmodus wat nie val binne onwrikbare klassifikasiesisteme nie, byvoorbeeld: die idioot as teenstander van die Staat. Die term “Staat” word hier gedefinieer as alle rasionele programme en strategieë wat beheer oor gedrag uitoefen. Alle tegnieke om met die self om te gaan of om sigself te bestuur, word altyd beoefen onder die verbeelde of werklike outoriteit van die een of ander sisteem van waarheid. Hierdie waarheidsisteme kan teologies, priesterlik, sielkundig terapeuties, dissiplinêr of opvoedkundig van aard wees (Rose [1996]2000: 315). As ek dus die term “Staat” gebruik, verwys ek na hierdie deurdringende magsisteme wat elke vlak van menslike bestaan wil orden en klassifiseer. Hier is nie te make met enige Althusseriaanse konseptualisasie van lokale magstrukture nie, maar eerder ’n verstaan van mag soos Foucault en Deleuze dit sien, as iets wat oral in spel is. Die term “Staat” word dus in hierdie studie gebruik om nie alleen die letterlike politieke en burokratiese Staatsisteem soos dit in Coetzee se werke verbeeld word aan te dui nie, maar inderdaad om die algehele praktyk van klassifikasie, sentralisering en ordening van die menslike leefwêreld aan te dui, soos Bonta en Protevi aanvoer in hul glossarium oor Deleuze-Guattariaanse terminologie: “[R]egardless of the proliferation of non-State actors and even globalization, the State is still the ‘only conceivable’ way by which the earth can be organized by humans” (2004: 148).

Dit sal duidelik word hoe Coetzee ’n gestruktureerde dubbelsinnigheid in die teks bewerkstellig sodat die karakters vatbaar word vir ’n leserskonstruksie waarbinne die idiotefiguur gelees kan word as ’n wese wat weerstand bied teen inperking en klassifikasie in hierdie bogenoemde sisteme. Die styl van die tekste laat verder blyk dat hierdie figure selfs ook weerstand bied teen die vertellershand wat hulle wil onderwerp aan enige bewussynsuitbeelding. Coetzee vermag hierdie effek deur die wyse waarop hy karakters skep wat weier om tot subjek gemaak te word binne die teks, juis omdat hulle weier om “Ek” te sê, of selfs hoegenaamd enige iets te sê. Want om te praat is om “Ek” te sê. Die idioot is die mens in onmatigheid, in ekse, die self wat nie gekategoriseer of beheer kan word deur enige waarheidsisteme nie. Hier vind ons die mens – die self en die Ander – in sy radikale onkenbaarheid. Die etiek van skryf ten opsigte van die uitbeelding van die radikale Ander, die “idiotie”, die stemloses, staan sentraal in hierdie bespreking.

Vervolgens moet daar eers vlugtig gekyk word na die alomteenwoordige magspele waarmee die beheersisteme die individu tot subjek wil onderwerp, en waaruit K en Friday ontsnap in hul stilte. Die werk van Michel Foucault

word hier van belang.

2 Foucault en onderwerping

Die kristallisering van 'n gestolde subjek gaan volgens Foucault altyd gepaard met spesifieke magsele in die leefwêreld. Die proses van die skep van 'n subjek sal vervolgens dus as “onderwerping” bekend staan. Die Engelse term “subjectification”, om iemand tot taalkundige en Cartesiaanse, monadiese onderwerp (“subject”) te maak, beteken dat die individu onderwerp word aan 'n ander se mag (“subjection”). Die term “onderwerp” word dus hier gebruik om beide die taalkundige term sowel as die idee van magsuitoefening in te sluit.

2.1 Die individu as Staatskepsel

In navolging van Foucault kan eerstens gesê word dat die Staat die liggaam en die identiteit van die mens tot onderworpe en kenbare subjek wil maak om die mens meer beheerbaar te maak – die onderrigbare en volgsame, klassifiseerbare onderdaan: “The classical age discovered the body as object and target of power. It is easy enough to find signs of the attention then paid to the body – the body that is manipulated, shaped, trained, which obeys, responds, becomes skilful and increases its forces” (Foucault 1979: 136). Alhoewel Foucault dit hier het oor die sosiopolitiese toestande in die Klassieke tydperk, wil ek aanvoer dat die moderne Staat steeds op dieselfde wyse, alhoewel miskien meer implisiet en ongesiens, funksioneer, en dat hierdie onderwerpingstegnieke binne die moderne Staat veel meer deurdringend en alomteenwoordig op byna elke vlak van die menslike bestaan in spel is.

Die bogenoemde manipulasie van die liggaam is wat Foucault as die uiteindelijke doel van dissipline en die dissiplinêre institusies sien:

The historical moment of the disciplines was the moment when an art of the human body was born, which was directed not only at the growth of its skills, nor at the intensification of its subjection, but at the formation of a relation that in the mechanism itself makes it more obedient as it becomes more useful, and conversely The human body was entering a machinery of power that explores it, breaks it down and rearranges it Thus discipline produces subjected and practised bodies, “docile bodies”.

(Foucault 1979: 137-138)

Dissipline skep individue. Dit is die spesifieke tegniek van mag om die individu as beide objek en as instrument van sy uitoefening te ag. Dit is 'n onderbeklemtoonde, sluipende vorm van mag wat volgens Foucault (1979:

170) funksioneer as 'n berekende en permanente ekonomie. Soos Rossouw dit stel: “*Dissipline is nie primêr gerig op beboeting en onderdrukking nie, maar op die vorming van individue* (1997: 124; kursivering in oorspronklike teks).

Deur middel van die volgehoue eksaminering word die individu 'n beskryfbare en ontleedbare objek (Rossouw 1997: 125). Mag onderdruk nie net nie, maar skep ook: die mees omvattende magskompleks van die moderne tyd is die dissiplinêre mag en sy belangrikste skepsel is die moderne individu (lees: subjektiwiteit) van die humanisme (p. 133). Die moderne individu is die mens wat leef binne die strukture wat die transendentale subjek, of Cartesiaanse ego, daarstel. Dit is die bruikbare individu van die Staat, die teenpool van die waansinnige, die idioot, die misdadiger of die buitestaander.

Die onderwerping van die individu sien Foucault (1979: 26) as 'n overte en blatante politieke tegniek. Volgens hom is die liggaam direk betrokke in 'n politieke sfeer. Magstrukture het 'n onmiddellike greep op hierdie liggaam; hierdie strukture merk die liggaam, dresseer die liggaam, maak dit beskikbaar vir marteling en gedwonge take en seremonies, en dwing dit om betekenis te produseer. Hierdie politieke belegging in die liggaam is geanker in 'n web van wederkerige prosesse met 'n duidelike ekonomiese bruikbaarheid. Die liggaam is hoofsaaklik 'n produksiekrag en juis as gevolg hiervan word die liggaam geïnskribeer met verhoudinge van mag en dominasie. Hierteenoor is die liggaam se konstitusie as 'n arbeidskrag slegs moontlik solank dit gevange bly binne 'n sisteem van onderwerping. Die liggaam kan alleenlik 'n nuttige krag word solank dit beide 'n produktiewe en onderwerpte liggaam is. Hierdie onderwerping word nie slegs vermag deur die verskillende vorme en instrumente van geweld en ideologie waaroor die Staat (alle institusies en beheertegnieke en -programme binne 'n bepaalde samelewing) beskik nie, maar ook deur 'n oorweldigende korpus van kennis oor hierdie liggaam; kennis wat op 'n berekende, subtiele manier op die liggaam opereer: “That is to say, there may be a ‘knowledge’ of the body that is not exactly the science of its functioning, and yet a mastery of its forces that is more than the ability to conquer them: this knowledge and this mastery constitute what might be called the political technology of the body” (Foucault 1979: 26). Hierdie tegnologie kan voorts nie gelokaliseer word in 'n spesifieke tipe institusie of spesifieke staat nie omdat dit aanwesig is in elke segment van die samelewing (vgl. p. 26). (Let op dat ek die term “Staat” gebruik as juis die sambreelterm vir hierdie tegnologie.) Deur middel van dissipline word 'n kennis omtrent die individu opgebou en word hy bekendgestel aan tegnieke om van hom 'n meer bruikbare onderdaan te maak. 'n Kenbare subjektiwiteit was altyd in die eerste plek 'n instrument van mag: “This disciplinary technique exercised upon the body

had a double effect: a ‘soul’ to be known and a subjection to be maintained (p. 295).

Foucault sluit in *The History of Sexuality* (1978: 60) aan by wat hy verwoord het in *Discipline and Punish*, naamlik dat ’n mens ’n verdraaide idee van mag het, sou jy glo dat die stemme wat vanaf die vroegste tye in die Westerse samelewing voortdurend vir die mens probeer wysmaak het wat hy is en wat hy doen, wat hy onthou en wat hy vergeet het, wat hy dink en waaraan hy nie kan dink nie, hoegenaamd van vryheid gepraat het. Volgens hom was dit deel van ’n oneindige, groot onderneming oor talle geslagte heen met een doel voor oë: die onderwerping van die mens, in beide betekenis van die woord.

2.2 Die afwesigheid van ’n definisie

Die Staat, hierdie uitgebreide tegnologie van onderwerping, opereer dus deur ’n verwickelde stel magspele wat die mens onderwerp en hom tot onderwerp maak, wat hom plaas in bepaalde rigiede, voorafgegoete strukture wat dit moontlik maak om hom te kontroleer, te definieer, te domineer, en uiteindelik te *ken*. Die paradoks van die duidelik gevormde individu is dat hierdie wese hoegenaamd nie vry is nie, maar juis deur en in sy kenbaarheid soveel makliker kontroleerbaar is.

In *The True Confessions of an Albino Terrorist* sê Breytenbach die volgende: “What is *my* name? *You* choose it. Take your word. A name is exactly the absence of definition” (1984: 178). In ’n artikel oor getuienis, identiteit en mag, verklaar Chaloupka (1996: 372) dat ’n gevangene of verdagte wat sy eie storie vertel of skryf vir die aanklaer, bewaarder of parooloffisier, die sisteem voorsien van kosbare materiaal. In ruil vir die vertelling bied die operateurs van die sisteem hul dankbaarheid – hulle hou van ’n man wat saamwerk, wat hulle help om die sisteem te laat vlot (1996: 372). Daar duik egter onmiddellik probleme op as die verdagte weier om homself te identifiseer. Chaloupka (1996: 373) wys op die voorbeeld van die man wat later bekend gestaan het as die “Hood River John Doe” – ’n man wat volstrek geweier het om homself te identifiseer nadat hy gearresteer is vir motordiefstal in Portland, Oregon. Die plig van tronkbevaarders is, volgens Chaloupka (1996: 373), en, soos reeds duidelik geword uit die voorafgaande bespreking, ook volgens Foucault, nie alleen om misdadigers weg te sluit nie, maar miskien eerder om gevangenes te *ken* en om die gevangenes hulself *as subjekte* te laat herken: “Setting subjects (suspects, selves) onto the project of knowing and controlling themselves has become a key site for the operations of power” (p. 373). Die geval van Doe bring hierdie aspek na vore: dit is wat die tronksisteem in werklikheid begeer. Hierdie sisteem verlang juis Kafka se eindelose lokval van infor-

masie en introspektiewe selfskepping. Die sisteem weet presies hoe om identiteite te koester as 'n vorm van medepligtigheid aan die Staatsprojek (1996: 378). Teoretici soos Foucault, en Deleuze en Guattari, asook skrywers soos Gyorgy Konrád, Breytenbach, en Coetzee maak dit in hul werk duidelik dat die aanvaarding of die gee van 'n naam, die skep van 'n gesentraliseerde subjektiwiteit, 'n onderwerpingsstegniek van die Staat is.

Daar sal nou gekyk word na hoe Michael K en Friday binne die onderskeie tekste hierdie kontrolieringsstegnieke van die Staat omseil. Hierna sal die betoog beweeg na die kwessie van hoe 'n skrywer 'n teks so ontwerp dat 'n leesinterpretasie daarvan moontlik word wat aanvoer dat hierdie figure uitgebeeld word sonder om hulle in die teks as kenbare, ontleedbare individue vas te (wil) skryf – sonder om hulle onderwerpe van die Staat, en ter uitbreiding, die vertellerstem as magsentrum, te maak.

3 'n Wêreld van kampe

Volgens Gallagher (1991: 148) kan *Life & Times of Michael K* onder andere gelees word as 'n uitbeelding van strukturele ongeregtigheid: die sielsdodende uitwerking van 'n sosiale en ekonomiese sisteem wat elke vorm van menslike waardigheid vernietig. Reeds aan die begin van die roman word K slagoffer van institusionalisering: Hy word in sy werksomgewing geklassifiseer as Tuinier graad 3(b) in die “Parks and Gardens division of the municipal services of the City of Cape Town” (Coetzee [1983]1987a: 4). Verder is K ook 'n vreemdeling binne die omvattende burokrasie van die apartheidsstaat. Hy word verwar deur die stadige en lomp werking van amptenare tydens die aansoek vir toestemming om die landdrostdistrik te verlaat (p. 12). Een van die amptenare spreek hom aan: “Don't you understand? Are you an idiot?” (p. 26). Sy status as idioot binne die vyandige sisteem word dus reeds hier duidelik. Later beskryf die mediese offisier hom ook as “a person of feeble mind” (p. 179) en as 'n idioot (p. 180). Die verteller in deel 1 vergelyk K met 'n “dumb dog” (p. 37) as hy 'n amptenaar van die hospitaal aanstaar terwyl sy vorms invul. K, soos ook Friday, is 'n idioot, nie omdat hy vertraag is nie, maar omdat hy buite die sosiale masjien 'n bestaan maak en totaal onkundig en apaties is omtrent die funksionering daarvan. Telkemale word gepoog om hom te kategoriseer binne 'n sisteem waar geen kategorie vir hom bestaan nie. Die volgende aanhaling is een van baie voorbeelde: “Michael Visagie – CM – 40 – NFA – Unemployed’, and charged with leaving his magisterial district without authorization, not being in possession of an identification document, infringing the curfew, and being drunk and disorderly” (pp. 96-97). Selfs sy naam word nie deur die sisteem erken nie. Hy verdwaal in die hospitaal (p.

40), wat in hierdie teks 'n duidelike simbool word van die ontmensliking en vervreemding binne staatstrukture. Sy totale vervreemding en onkunde binne hierdie strukture word uiteindelik vergestalt in die volgende passasie: ““Do you want to make a phone call?” said the doctor. This was evidently a code for something, he did not know what” (p. 41). Dit is dus nie vreemd dat baie kritici 'n verband trek tussen Michael K en Kafka se Joseph K in *The Trial* nie (vgl. Attridge 2004: 51).

Gallagher (1991: 163) voer tereg aan dat Michael K die toonbeeld is van dié op die periferie van mag en outoriteit wat herhaaldelik in Suid-Afrika tot stilswye gedwing is. Coetzee self stel dit elders:

The response of South Africa's legislators to what disturbs their white electorate is usually to order it out of sight [P]risons are used as dumping-places for people who smell wrong and look unsightly and do not have the decency to hide themselves away.

(Coetzee 1986: 361)

Die tronk is 'n dissiplinêre institusie en dit wat gedissiplineer word is, volgens Rossouw (1997: 124), in die eerste plek die nonkonformis. Breyten Breytenbach (1984: 53) voer aan dat die doel van die tronk nie alleen die dissiplinering van die nonkonformis is nie, maar ook die verdwyning van hierdie persone uit die samelewing. Die tronksisteem maak nie net hul slagoffers tot melaatses nie, maar maak hulle ook onsigbaar: “What greater kick can there be than to decide for the world, the people in the street, what they see and what they don't see?” (p. 53).

In *Life & Times of Michael K* lê die teks klem daarop hoe die Staat aan elkeen van sy besittings, beton of vlees, 'n naam wil gee. Gallagher (1991: 147) wys daarop hoe elkeen van die inrigtings wat genoem word in die teks 'n eienaam het asof hulle persone is: Huis Norenius, Jakkalsdrif, Kenilworth. K weier om aan die owerhede enige iets oor homself weg te gee, hy bly naamloos, maar tog voel die Staat dit is onnatuurlik om sonder naam te leef. Die name wat hulle hom gee, Michael Visagie en Michaels, bly egter, in die woorde van Breytenbach (1984: 178), die afwesigheid van enige definisie van identiteit.

Verder word daar nooit in die derdepersoonsvertelling wat in K se bewussyn gesentreerd is na sy ras verwys nie, behalwe waar hy op amptelike vorms as “Kleurling” of “Coloured” beskryf word. Michael sien homself as persoon en nie as politieke kategorie nie. In 'n bespreking van Breyten Breytenbach se *Dog Heart*, beskryf Coetzee (2001: 308-309) die absurditeit van die term “Kleurling” (“Coloured”): Dit is volgens hom 'n konstruksie van die apartheidsregering om die kinders uit huwelike tussen Europeërs en inheemse Afrikavolke of Asiërs te klassifiseer as 'n aparte ras. Soms is ook inheemse Afrikane as “Kleurling” geklassifiseer as hulle

Europese name of vanne gehad het of slegs die Europese leefstyl aange- neem het. Soms is die benaming van toepassing gemaak selfs op mense wat nie as wit geklasifiseer kon word nie as gevolg van 'n effense blasheid of op blankes wat saam met anderskleuriges geleef het. Michael K, as Kleurling opgeskryf, word duidelik geteken as 'n persoon wat nie kate- goriseerbaar is binne die sosiale strukture nie. Selfs sy ras bly 'n twyfel- agtige polemiese kwessie.

3.1 Om weg te kruip vir die tye

Die titel van die roman, *Life & Times of Michael K*, verwys na die tradisie wat 'n individuele identiteit lees binne die konteks van die geskiedenis, asook die politieke en sosiale werklikhede (Head 1997: 93). Dit is dus ironies dat K sover moontlik sosiale kontak en klassifikasie vermy binne die sosiale en politieke milieu. Op 'n stadium identifiseer K homself met die duisende mense regoor die land “creeping away in corners to escape the times, too canny to put up flags and draw attention to themselves and be counted” (Coetzee 1987a: 159; my kursivering).

K ontsnap aan die nette van interpretasie en sodoende ook aan die bestaande magstrukture. Soos Attwell (1993: 92) aanvoer, stel die roman- teks die proses van interpretasie voor as 'n onderling mededingende beoefening van mag. K word deur verskillende ander karakters (onsukses- vol) onderwerp aan interpretasies. Juis omdat die teks self nie 'n afgeronde, eenduidige interpretasie van K bied nie, word die leser (en sy gewaande interpretasies) ook betrek in hierdie magspel. Hier is sprake van 'n geraffineerde skrywerlike truuk wat die leser direk betrokke maak by die magpele wat in die teks verbeeld word.

Die teks dui aan hoe K hierdie nette en strukture ontsnap juis omdat hy deur sy taalweerstandige bestaanswyse nie self enigiets benoem en inter- preteer nie. Hy ken die werklikheid sonder om dit noodwendig aan sy mag te onderwerp deur benoeming: “Though he knew no names he could tell one bush from another by the smell of their leaves” (Coetzee [1983]1987a: 158).

Twee en vyftig van die tweehonderd en vyftig bladsye in die romanteks word vertel deur 'n naamlose mediese offisier. Naby die einde van sy vertelbeurt beskryf hy K as volg – ek bied hier 'n relatief lang aanhaling uit die teks sodat die beeldgebruik van die offisier vir die leser sinvol is:

With Michaels it always seemed to me that someone had scuffled together a handful of dust, spat on it, and patted it into the shape of a rudimentary man, making one or two mistakes (the mouth, and without doubt the contents of the head), omitting one or two details (the sex), but coming up nevertheless in the end with a genuine little man of the earth, the kind of little man one sees in peasant art emerging into the world from between the squat thighs of its

motherhost with fingers ready hooked and back and ready bent for a life of burrowing, a creature that spends its waking life stooped over the soil, that when at last its time comes digs its own grave and slips quietly in and draws the heavy earth over its head like a blanket and cracks a last smile and turns over and descends into sleep, home at last, while unnoticed as ever somewhere far away the grinding of the wheels of history continues.

(Coetzee [1983]1987a: 220)

Selfs die mediese offisier, wat nie eens K se werklike naam ken nie, besef in sy kortstondige kontak met hierdie skim dat K 'n eiesoortige omgang met die sosiale en politieke strukture het en dat K uiteindelik vir homself 'n unieke bestaansmodus van vryheid bewerkstellig.

3.1.1. 'n Idiotiese *différance*

Head (1997: 97, 98) sien verder 'n verband tussen K se ontsnapping aan enige klassifikasie of finale betekenis as metafoor van Derrida se nosie van *différance*: K bly 'n negatiewe ruimte; in die aangesig van onderdrukking word hy al hoe stiller.

Michael K word slegs geken aan dit wat hy nié is nie – in sy afwykings van die norme en klassifikasies – en verder word enige betekenis wat buitestaanders oor hom wil genereer voortdurend uitgestel of verplaas. Dit, in werklikheid, is die inhoud van die dekonstruktivistiese term *différance*: 'n betekenaar wat slegs kenbaar word in sy verskil met ander betekenaars en waarvan 'n vaste betekenis voortdurend verplaas word. Daar is slegs die spore van betekenis, en nooit die aanwesigheid daarvan nie. K se wese is nooit agterhaalbaar nie, hy laat skaars enige spoor agter. Attwell stem saam met Head se sieninge oor die verband tussen die figuur van K en *différance*: “K is left uncontained at the point of closure. This is how one might speak of K as the narratological figure of the Derridean trace” (1993: 99). 'n Man by die Jakkalsdrifkamp vra K hoekom hy wil wegvlug van 'n plek waar hy 'n sagte bed, gratis hout en 'n wag by die hek het, waar hy andersins niks van hierdie luukses sal hê nie (Coetzee [1983]1987a: 107). Later in die teks sê K aan die sekuriteitswag, asof in antwoord hierop: “I don't want to be in a camp, that's all” (p. 117).

4 'n Tuinier en 'n klip

Teenoor die dissipline van die kampe waaruit K ontsnap, stel die skrywer K se rol as tuinier. Die plant van saad, seker die grondbeginsel van tuinmaak, word deur Head (1997: 107) in verband gebring met Derridaanse dekonstruksie en wel met die begrip van disseminasie: die verspilling van

saad sonder enige opbrengs, saad wat onbevrug bly en nie kan terugkeer na die vader nie. Die pampoene word ryp, maar K eet feitlik niks daarvan nie en hulle word uiteindelik deur soldate vernietig. K noem sy pampoene sy kinders, maar later ook sy broers, en ondermyn sodoende sy eie rol as patriarg. K stel dit uitdruklik: “I would be the worst of fathers I am one of the fortunate ones who escape being called (Coetzee [1983]1987a: 143). Hy voel sy vader was Huis Norenius – en meer spesifiek die lys van reëls teen die deur gespyker (p. 143). Verder voel hy ook dat met ’n lys betekenislose reëls wat die plek van sy vader inneem en met ’n moeder van as, hy niks het om aan sy kinders te bied nie: “That is why it is a good thing that I, who have nothing to pass on, should be spending my time here where I am out of the way” (p. 144). K se pampoene en spanspekke word sy familie, sy broers en susters. Attwell (1993: 97) beweer dat hierdie “familie” ’n uiters verskraalde vorm van gemeenskap suggereer, die enigste waartoe K in staat is.

K se verhouding met die aarde is persoonlik en instinktief en nie deel van ’n groter sosiale struktuur nie (Gallagher 1991: 158). K se pampoenplantery is geensins ’n kommersiële boerdery nie; hy plant slegs om aan die lewe te bly. Hier voer hy ’n bestaan in volkome harmonie met die aarde, ’n perfekte simbiose afgesluit van enige geskiedenis – ekonomies, polities of sosiaal. Eers met die aankoms van die boer Visagie se kleinseun, word hierdie stilte verbreek en word K (onwillig) weer tydelik by die historiese of temporele wêreld betrek. Voortdurend glip K deur die nete of drade wat die sosiale strukture stel en vlug hy weg voor die pogings van benoeming en klassifikasie.

Dit wil dikwels voorkom asof K heeltemal wil verdwyn, dat sy vryheid net in ’n ontkenning van sy ego bereik sal kan word: “It is no longer the green and the brown that I want but the yellow and the red; not the wet but the dry; not the dark but the light; not the soft but the hard” (Coetzee [1983]1987a: 92-3). Hy wil ’n klip word: “I am becoming smaller and harder and drier every day” (p. 93). Hy wil bloot leef, sonder om enige merk van sy bestaan te los. Ook is daar min dinge meer konkreet as ’n klip. En ook min dinge verder van ’n Cartesiaanse ego.

5 Om vry te wees van tonge

Hierdie weerstand van K en sy radikale vorm van vryheid, ’n vryheid wat hy slegs verkry deur homself volledig te onttrek en buite die grense van klassifikasie te bestaan, vind die leser ook tot ’n sekere mate in die figuur van Friday, Cruso se slaaf in *Foe*. Die verhouding tussen taal en mag kom in hierdie roman ook sterk aan bod. Susan Barton erken eksplisiet aan haarself dat sy nie altyd taal gebruik om Friday op te voed en sy stilte te breek nie

maar soms “as the shortest way to subject him to my will” (Coetzee [1986]1987b: 60). Friday se stilte kan gelees word as Coetzee se verset om Friday se storie te vertel. Hierdie verset het volgens Head (1997: 121) ’n dubbele betekenis. Eerstens is dit ’n verset teen die kolonialistiese tendens om die gekoloniseerdes se stories namens hulle te vertel, en tweedens is die letterlike uitsny van die tong ’n fisieke manifestasie van die mag van die dominante diskoers om die onderdrukte se mond te snoer. Coetzee vermag dit dus om die teks so te vorm dat dit blyk dat Friday uiteindelik sy koloniseerders oorleef binne die teks, maar ook selfs die eksterne verteller oorleef. Laasgenoemde stelling sal later verhelder word wanneer die etiek van Coetzee se literêre uitbeelding van die Ander aan bod kom.

5.1 ’n Weiering van kampe en aalmoese

Wat uiteindelik hier moet duidelik word is dat die karakters die oorheersing van die magtiges vermy en ’n eiesoortige vorm van vryheid verkry: hulle doen dit deur hul bewustelike of onbewustelike, opsetlike of geforseerde, keuse vir onbetrokkenheid en volgehoue stilte. Dié gewonne vryheid is ’n vryheid om radikaal hulleself te wees sonder enige vorm van inperking deur gedwonge sosiale rolle en klassifikasies. Deur te leef in hierdie radikale vryheid word hulle uiteindelik onkenbaar vir die gevestigde sosiale en politieke strukture.

Vir K is vryheid ’n fundamentele aspek van sy bestaan, hy sal nie daarsonder kan leef nie. As hy sien dat hy nie meer alleen op die plaas is nie, wonder hy: “[W]ould it not be better to bury myself in the bowels of the earth than become a creature of theirs?” (Coetzee [1983]1987a: 146). Die mediese offisier herken ook die vryheidsdrang in K: “The garden for which you are presently heading is nowhere and everywhere except in the camps” (p. 228). K se vryheidsdrang is so sterk dat hy nie net die kampe nie maar selfs die aalmoese van ander wil ontsnap, miskien omdat hy glo dat dit hom dan aan hulle sal laat behoort: “I have escaped the camps; perhaps, if I lie low, I will escape the charity too” (p. 249). Liefdadigheid kan ook ’n kamp wees. Liefdadigheid plaas onmiddellik twee of meer partye binne ’n bepaalde magsverhouding. En ’n verteller in die teks wat sigself ontferm oor ’n stemlose karakter en aan hierdie karakter ’n stem wil gee, gee inderdaad niks vir hierdie karakter as nog ’n “kamp” nie.

Figure soos K en Friday het hul vryheid binne die teks en binne hul leefwêreld gekry juis in en deur hul stemloosheid. Indien die verteller in die teks sou voorgee om hul “eie stem” te skryf, sou hierdie tekste al hul besondere meersinnigheid verloor. Die karakters sou ontleedbaar en klassifiseerbaar word as onderwerpe (“subjects”) wat deur een of ander duidelik waarneembare vertellersideologie beheer word.

In hierdie vertelstyl word 'n besondere etiek jeens die skryfhandeling beliggaam: die etiese wyses waarop die skrywer die idioot en die onverstaanbare Ander uitbeeld. Daar sal vervolgens verduidelik word hoe 'n skrywer deur middel van sekere stilistiese tegnieke en effekte eties kan optree teenoor die karakter.

6 Op weg na 'n etiek van skryf

Volgens Michael Marais (2000a: 58) is die etiese, in die sin van meegevoel of sorg vir die Ander wat 'n respek vir die andersheid van die Ander meebring, afwesig in die politieke sfeer van die samelewing wat Coetzee uitbeeld. In Coetzee se werk is daar vir Marais (2000b: 174) nie enige sprake van 'n dialektiek tussen die politiese en die etiese nie, maar eerder van 'n spanning tussen die twee.

Die self se verantwoordelikheid vir die Ander, is 'n idee wat Marais (2000a: 59) ontleen aan die filosoof Emmanuel Levinas. Vir Levinas setel die etiese, eenvoudig gestel, in die moontlikheid van die self-vervangende of self-opofferende verantwoordelikheid van die subjek vir die Ander. Die blootgee van die self aan die Ander besweer, volgens Levinas, nie alleen geweld nie, maar skep ook verantwoordelikheid vir die Ander. Verantwoordelikheid beteken nie hier enige modaliteit van simpatie nie, maar die substitusie van die self met die Ander: "Instead of affirming itself by foreclosing on the other, the self *gives* itself to the other and this gift takes the form of a sacrifice" (Marais 2000a: 62). In die ontmoeting van die outonome, monadiese subjek met die Ander kom die subjek te staan voor iets wat absoluut buite sigself is – die gelaat van die Ander. Hierdie gelaat transendeer die self se idee van die Ander. Die implikasie hiervan is dat die radikale ekterioriteit van die Ander die Ek verhinder om kontrole daarvoor uit te kan oefen. Die Ek kan nie die Ander se andersheid in sy eie psige inkorporeer nie, maar kan dit ook nie uit sy psige uitsluit nie. Die bewussyn word deur die Ander geaffekteer voordat dit in staat is om 'n beeld daarvan te skep, die self word dus deur die Ander geaffekteer ten spyte van sigself:

If the ethical relation, in which the Other maintains its difference from the subject, is an effect of the subject's loss of control over the Other, it follows that this relation exists not as an alternative to those relations which are determined by subject-centred consciousness, but rather as a function of them. The ethical relation presupposes an autonomous subjectivity. Indeed, the Other's otherness can only exceed the subject's conceptual grasp if the subject deems it possible to grasp it. The ethical relation is therefore premised on the subject's assumption that, as centre of knowledge, it is able to know the Other. (Marais 2001b: 5)

Die nosie van die self se self-vervangende verantwoordelikheid tot die Ander, is dus die gevolg van die Ander se radikale versteuring van die self-versekerde subjek se illusie van selfbestuur en selfgenoegsaamheid waardeur hy meen die Ander te kan ken. Met die subjek se verlies van kontrole oor die Ander, gaan die self 'n onpersoonlike bewussynstoestand binne – 'n toestand wat ontnem is van enige kontrolerende subjektiwiteit. In hierdie toestand van uiterste passiwiteit gee die self sigself oor aan die Ander. Voorheen het die self die bestaan van die Ander ontken, maar in hierdie situasie word die self gedwing om die Ander te erken, aangesien die subjek hierdie fenomeen, die Ander, nie kan insluit of uitsluit uit sy psige nie: “Under this obligation, it becomes responsible for the Other: it becomes its ‘brother’s keeper’” (Marais 2001b: 5-6). Die aspek van Levinasiaanse etiek wat hier van belang is, is dus die self wat sigself verloor in die gelaat van die Ander, en wat verantwoordelik word vir die Ander, ten spyte van sigself.

Teenoor hierdie onwillende en prerefleksiewe verantwoordelikheid vir die Ander, is daar ook die kwessie van representasie van die Ander, die feit dat die Ander, juis uit die aard van representasie, nie uitbeeldbaar is deur die subjek nie. Nie alleen is die gesentraliseerde, monadiese subjek nie die sentrum en waarborg van kennis, soos geglo is tydens die Verligting, nie, maar ook is hierdie subjek gesitueerd binne 'n bepaalde kultuur en is die subjek slegs in staat om te weet wat hierdie kultuur hom toelaat om te weet. Dit is hierom dat Levinas, volgens Marais, aanvoer dat representasie die andersheid van die Ander ontken. Die skrywende subjek is ook hoegenaamd nie buite enige sodanige raamwerk nie, en kan daarom ook nie die Ander se andersheid volledig uitbeeld nie: “The *writing* subject is the complex of relations that determines the context of which it is part” (Marais 2000a: 60). Die teks kan dus ook nie die andersheid van die Ander representeer nie omdat dit juis deel is van die representasionele proses waardeur die samelewingstrukture andersheid ontken (p. 60).

Die verantwoordelikheid vir die Ander en die onuitbeeldbaarheid van die Ander is 'n paradoks wat enige etiek van skryf oor enige sodanige Ander 'n onmoontlikheid blyk te maak. Miskien lê die antwoord in wat Elizabeth Costello, die hoofkarakter in Coetzee se *The Lives of Animals* (1999), noem die simpatieke of invoelende verbeelding as 'n vorm van toegang tot die Ander in die kunswerk.

7 Die lewens van diere/Die lewens van idiote

In 'n essay oor J.M. Coetzee stel Arnon Grunberg (2002: 19) dit dat die sukses van die skrywer afhang van sy vermoë om die leser die lewens van

die karakters te laat beleef. Dit is ook een van die sentrale temas in Coetzee se werk *The Lives of Animals*. In haar argument teen die grootskaalse doodmaak en eet van diere, wys Elizabeth Costello op die toegang wat die mens deur sy verbeelding het tot die dierlike wese. Uiteindelik handel die werk oor die feit dat, hoe moeilik dit ook al is om die Ander se perspektief te verstaan, dit tog moontlik is deur die invoelende verbeelding. Een van Costello se kernidees is haar argument teen die arrogante selfhandhawing van rasionaliteit wat veroorsaak dat daar op enige ander kenwyse neergesien word. Sy sien menslike rasionaliteit as 'n bepaalde plek in 'n spektrum van bewussynsoorte (Coetzee 1999: 23) as een van meerdere kenwyses. Sy wys ook op die tautologiese begronding van rasionaliteit as die grondbeginsel van die heelal: "Of course reason will validate reason as the first principle of the universe – what else should it do?" (p. 25). Costello bied verder ook die argument dat elke lewende organisme vol is van sy eie wese ("being"):

To be a living bat is to be full of being; being fully bat is like being fully human, which is also to be full of being To thinking, cogitation, I oppose fullness, embodiedness, the sensation of being – not a consciousness of yourself as a kind of ghostly reasoning machine thinking thoughts, but on the contrary the sensation – a heavily affective sensation – of being a body with limbs that have extension in space, of being alive to the world.

(Coetzee 1999: 33)

Costello voer aan dat daar wel, deur middel van die verbeelding, toegang verkry kan word tot hierdie ervaring van "being alive in the world" van 'n ander spesie. Sy dui aan hoe die leser van Ted Hughes se gedig "The Jaguar" vir 'n tyd self die jaguar word. Die skrywer, beweer sy, (ver)lei die leser om deel te neem aan die geworpenheid van die jaguar. Hierdie tegnieke sou ook toegang tot die gans Andere bewerkstellig.

"There are no bounds to the sympathetic imagination" (Coetzee 1999: 35), sê Costello, en omdat die mens kan, *moet* hy ook simpatie met en respek vir ander wesens hê. Costello se sieninge mag nie gelykgestel word aan dié van die outeur Coetzee nie. Dit sal egter deur die loop van die bespreking aangevoer word dat Coetzee wel vra na 'n simpatieke verbeelding, in die sin van 'n verantwoordelike verbeelding. Alhoewel hy moontlik nie soos Costello glo dat die simpatieke verbeelding volledige, direkte toegang tot die vreemde bewussyn kan gee nie, pleit hy wel vir 'n etiese verantwoordelikheid in die omgang met hierdie vreemde bewussyn. Sou 'n mens gaan kyk na Hughes se "The Jaguar" (1957: 12) val dit die leser onmiddellik op hoe konkreet die gedig geskryf is. Daar is geen poging om aan die jaguar 'n eie stem te gee, of diep in sy "siel" te wil delf nie. Die gedig bly digby die liggaamlike, fenomenologiese ervaring van die jaguar. Die "being alive in the world", die geworpenheid van die jaguar word

gebied aan die leser, maar niks meer nie. Die leser ervaar die affek van die jaguar, sien 'n glimps van sy bestaan, maar nooit word aan die jaguar enige innerlikheid toegesê nie. Die aanbied van enige sodanige innerlikheid sou wees wat hierbo as 'n ongewenste liefdadigheid van die skrywer beskryf is.

Grunberg (2002: 19) verbreed bogenoemde argumente van Costello om dit van toepassing te maak op die moontlike empatie wat 'n mens kan hê met werklike mense en met die fiktiewe subjektiwiteit of personasies. Die egte mens beskik nie oor die vermoë om soveel empatie by sy medemens te ontlok as die fiktiewe subjek nie. As dit die bedoeling van die Skepper van die mens was, voer Grunberg aan, het Hy gefaal. Die rede hoekom werklike mense minder empatie uitlok as karakters is juis die afwesigheid van 'n vertellersinstansie wat hierdie subjekte kenbaar maak aan die "leser". Daar bestaan geen skrywersinstansie wat die werklike mens se gevoelens, motiverings en innerlike bewegings kan uitlig en dramatiseer nie. Hierteenoor is die enigste rede waarom die fiktiewe subjek of persoonasie geskep word, juis om tot só 'n mate empatie by die leser te ontlok dat hy homself tydelik heeltemal in hierdie subjektiwiteit kan inleef.

7.1 Die Ander as Ander

Die vraag ontstaan nou hoe die skrywer die radikale Ander kan uitbeeld sodat die leser empatie met hom ervaar, maar steeds volgens 'n etiek van skryf wat die Ander *as* Ander behou en nie die ongewenste aalmoese van 'n "eie stem" of 'n vereenvoudigde, kenbare, klassifiseerbare subjektiwiteit aan hierdie karakters afsmeer nie. Dus: om die Ander uit te beeld asof hy 'n werklike subjek in die leefwêreld is wat oor geen skrywende tussenganger beskik om sy subjektiwiteit aan ander bloot te lê, uit te lê, te vereenvoudig, te psigoanaliseer of te orden binne bepaalde sosiale, generiese of metafisiese strukture nie. Die etiese skrywer streef dus om die Ander in die teks net so onessensialiseerbaar (of in Foucauldiaanse terme, onkenbaar) te hou as die subjektiwiteit van enige subjek in die leefwêreld.

Die kuns, soos reeds genoem, sal wees om die subjektiwiteit van die karakter egter steeds op so 'n wyse aan te bied dat die leser nie ongeaffekteerd bly nie. Die voor die hand liggendste probleem is dat die leser empatie het met karakters waarin hy 'n deel van homself kan erken. Die Ander is egter per definisie *anders* as die self, dit is die tipe karakter waarin die leser die minste van sigself kan erken. Enige uitbeelding van so 'n *andersheid* loop die gevaar om die leser koud te laat.

Marais bied 'n oplossing vir hierdie dilemma om die Ander in sy andersheid te kan uitbeeld op 'n etiese wyse. Hierdie oplossing lê in die moontlikheid wat hy sien om die idee van Costello, dat die etiese verantwoordelikheid tot die Ander 'n keuse is, en die denke van Levinas, wat

aanvoer dat die mens se verantwoordelikheid vir die ander nie enige keuse is nie, maar iets wat plaasvind op 'n prerefleksiewe vlak, met mekaar te kan versoen:

Might it not be that the latent assumption in *The Lives of Animals* that an ethical relation to another being is a matter of choice is, in fact, presupposed by the view that the ethical relation is an event that takes place despite the subject? ...[I]f responsibility is an effect of the subject's loss of control over the Other, it is premised on the subject's belief that it *can* know the Other. The subject *must* attempt to know the Other if it is to encounter the Other's absolute alterity. Since this is the case, it could well be that *The Lives of Animals* is an expression of the necessity for ethics of the subject's belief in its ability to know the Other.

(Marais 2001b: 13)

Dit handel dus hier oor die feit dat, soos Levinas ook aanvoer, die etiese verhouding 'n selfbesturende subjek voorveronderstel, dat die Ander slegs die konseptuele begrip van die self kan te buite gaan as die self wel glo dat die Ander inderdaad kenbaar is. Daar moet dus 'n poging deur die self aangewend word om die Ander te wil ken, vir die Ander om sy onkenbaarheid aan die subjek duidelik te maak. Volgens Marais (2001b: 15-17) is *The Lives of Animals* juis 'n tekstuele uitbeelding van hierdie onmoontlike posisie. Die teks beeld die onmoontlikheid van die self se begeerte na die Ander uit in die wyse waarop Costello hierdie vertrouwe in die invoelende verbeelding uitspreek. Terselfdertyd ondergrawe die teks hierdie vertrouwe deur Costello uit te beeld as 'n onbetroubare karakter. Marais (2001b: 17) wys op die talle wyses waarop die teks Costello se geloofwaardigheid ondergrawe.

The Lives of Animals kan volgens Marais (2001b: 13-14) dus gelees word as die uitbeelding van hoe 'n etiese verhouding met die Ander 'n poging tot representasie deur die subjek vereis. Alhoewel hierdie uitbeelding van die Ander 'n onmoontlikheid is, word die onmoontlikheid daarvan opgevoer in die teks (lees: representasie) self. Deur die blote feit van die bestaan van die teks wat die Ander wil uitbeeld, plaas die skrywer sy vertrouwe in die skryfhandeling, maar ondergrawe dan hierdie vertrouwe deur binne die teks op selfrefleksiewe wyse die onmoontlikheid van hierdie representasie uit te beeld.

Die begeerte na die Ander word deur Maurice Blanchot verwoord deur te wys op die mite van Orfeus en Euridike. Orfeus, die sanger, begeer die Ander, Euridike, en probeer haar met sy sang uit die skaduryk bring na die lig. Tog, wanneer hy sy vertrouwe in sy kuns verraai deur om te draai om na haar te kyk, is dit in hierdie oomblik van verraad waar haar onbereikbaarheid duidelik word. Deur na Euridike te kyk, verraai Orfeus die kuns-

werk vir 'n skaduwese: "In gazing upon Eurydice, Orpheus betrays that which he had trusted would resurrect her but cannot" (Marais 2001b: 18). Orfeus kan volgens Marais ook gesien word as die skrywer wat die Ander beskryf:

He betrays the work because in writing out of trust in the possibility of writing, he encounters the impossibility of writing. However, it is through just this betrayal that the work comes to describe the loss of Eurydice, that it comes to bear the trace of the interruption of its totality by its involvement with excess.

(Marais 2001b: 18)

Die feit dat die teks bestaan getuig reeds van die skrywer Coetzee se vertroue dat die skryfhandeling wel moontlik is, maar tog vind die leser, soos Marais (2001a: 120) tereg aanvoer, keer op keer in sy werke selfrefleksiewe uitbeeldings van die mislukking of die gebrekkigheid van enige skrywende representasie: "Coetzee's writing may therefore be said to *perform* that radical ambiguity of literature of which Blanchot speaks" (p. 120).

Etiek, volgens Marais (2001b: 18), is 'n funksie van verraad wat op sy beurt geskoei is op vertroue. Dit is slegs deur die vertroue in die moontlikheid om die Ander te ken deur die skryfhandeling dat hierdie verraad tot uiting kom: "As Blanchot puts it, for Orpheus to gaze (and thereby betray that which he had entrusted to achieve what it cannot achieve), he 'had to be a singer in the first place'" (p. 18). 'n Etiek van skryf is dus, volgens Marais, 'n effek in die teks wat die skrywer se vertroue in die moontlikheid van die skryfdaad uitbeeld, om dit dan selfrefleksief weer te ondermyn:

The ironic disjunction between profession and performance exposes the inevitable violence of the sympathetic imagination, that is, the violence of that which purports to preclude the possibility of violence. At the same time, though, it points to the necessity for ethics of such violence: ethics is enabled by the inevitable failure of the attempt at ethical action.

(Marais 2001b: 18).

Dit is die onmag van taal om te representeer wat die skrywer in kontak met Andersheid bring. Die gebrekkigheid van taal maak dus etiese verantwoordelikheid moontlik. Marais (2001a: 119) verwys byvoorbeeld na die geval van Michael K waar die vertelling van die mediese offisier dit duidelik maak dat dit juis taal se pogings is om die Ander te wil ken wat die Ander onkenbaar maak. Die tekste wat Michael K en Friday uitbeeld, verrai dus die skryfhandeling juis ten einde hul onkenbaarheid te bewaar, en verder is die tekste ook op 'n metavlak 'n uitbeelding van hierdie verraad.

7.2 Die stem van die stemlose

Die problematisering van die uitbeelding van die Ander bereik volgens my 'n hoogtepunt in *Life & Times of Michael K* juis omdat die fokaliseerder self hier die Ander is. Gallagher beskryf hoe Coetzee te werk gaan: “In using a third-person limited point of view, Coetzee gives us access to Michael’s mind but preserves Michael’s silence. Even Michael’s thoughts are strangely muted by Coetzee’s grammar” (1991: 161). Die taal van die verteller, die manier waarop hy die karakter se bewussyn beskryf, bly op 'n afstand van K se bewussyn. In 'n opsommende, op die oog af droë styl, word K se gedagtes beskryf. Die taal word so konkreet soos K-die-klip self, die metafore slinks versteek agter die blykbare saaklike register. Die volgende paragraaf dien as voorbeeld:

In the evening he was too tired to eat. He took his mattress outside and lay watching the stars appear one by one out of the violet sky. Then someone on the way to the latrines stumbled over him. There was a commotion, from which he retreated. Moving the mattress back to the hut, he lay on his bunk in the dark under the roofplates.

(Coetzee [1983]1987a: 113)

'n Skrywer wat 'n interessante perspektief bied op die stilistiese en tegniese werkswyse van Coetzee is Derek Attridge. Attridge (2004: 2) sien Coetzee se werk nie as postmodern nie maar eerder as laatmodern. Hy verwys na Neil Lazarus se kommentaar dat Coetzee se werk as modernisties gesien kan word, veral soos Adorno die term verstaan: as 'n diskoers in opposisie tot die instrumentaliserende drukgang van moderniteit. Die voorafgaande Foucauldiaanse lesing van hoe die karakters hierdie “drukgame” omseil, steun juis hierdie lesing van Coetzee as modernis.

Die modernistiese skryfegniek bied volgens Attridge (2004: 4-5) die moontlikheid vir 'n hantering van die aansprake van Andersheid, van dit wat nie uitgedruk kan word in die beskikbare diskoers nie. Die rede hiervoor is dat die modernistiese skryfegniek juis selfrefleksief is en sy eie linguistiese, figuratiewe en generiese operasies op die voorgrond plaas, en sodoende nie wil voorgee om die Ander op enige realistiese wyse uit te beeld, of dat hierdie uitbeelding 'n direkte verhouding met die werklikheid het nie. Die ontoereikendheid van taal tot die wese van die Ander word dus, soos ek Attridge lees, deur die modernistiese tegniek erken en sodoende word die andersheid, die onkenbaarheid van die Ander, in hierdie tegniek bewaar:

To make this claim is not to deny what has often been powerfully demonstrated: that a large part of modernist writing was insensitive to the

otherness produced by patriarchal and imperial policies and assumptions. My argument is merely that within what is called modernism, technical resources – and a certain attitude to the operations of language and discourse – were evolved that would make possible a new openness and alertness to such modalities of otherness.

(Attridge 2004: 6)

Aan die een kant word die leser geen morele leiding gegee in die werke nie, en aan die ander kant, voer Attridge aan, spesifiek verwysend na *Dusklands*: “[W]e remain conscious of these narrating figures as fictional characters, as selves mediated by a language which has not forgotten its mediating role” (2004: 7).

Hierdie sin van ironie wat Coetzee se werke onderbou, vind Attridge dan ook in die uitbeelding van Michael K:

It is this uncertain irony that makes the protagonist of *Life & Times of Michael K* – a figure of otherness to most in the society through which he moves – a figure of otherness to the reader as well, even though we are privy to his mental processes and his emotional life. To treat Michael K as a representative of the author, as is sometimes done, is to bring him prematurely within the circle of the same, overlooking the stylistic movements that keep him constantly opaque.

(Attridge 2004: 7)

Volgens Attridge (2004: 13) is die klaarblyklike projek van Coetzee om presies die wêérstand weer te gee in sy tekste wat buitestaander- of idiotefigure bied teen die diskoerse van die heersende kultuur. Tegelykertyd wil hy egter ook ’n etiese wyse vind om die aansprake weer te gee wat hierdie figure op die leser maak. Dit doen hy binne ’n diskoers (die modernistiese roman) wat juis ’n produk is van die heersende kultuur wat hierdie figure uitsluit. Attridge som sy argument as volg op:

If the language by means of which the life of the servant has traditionally been depicted by the master has been one of the instruments for the perpetuation of mastery, and realism does not offer a satisfactory alternative, a different literary practice, willing to reveal its own dependence on convention and its own part in the exercise of power, may be less repressive. Such a literary practice is what I am calling Coetzee’s “modernism”.

(Attridge 2004: 17)

Hierdie tegniek word duidelik bespeur in die uitbeelding van Michael K se bewussyn. Coetzee gebruik die vrye indirekte rede, ’n vertelstyl wat gewoonlik gebruik word om die innerlike lewe van die persoon weer te gee alhoewel die vertelling in die derde persoon bly. Verder word K se denke

nageboots, met herhaalde frases soos “He thought” wat die leser daaraan herinner dat hy buite die bewussyn van K staan. Hierdie stilistiese keuses, tesame met die gebruik van die verlede tyd, maak dit vir Coetzee moontlik om K se andersheid te bewaar: “[A]lthough we learn in moving detail of his thought-processes and emotions, we never feel that we have assimilated them to our own” (Attridge 2004: 50). Verder wys Attridge daarop dat die taal wat gebruik word in die vertelling nie noodwendig die taal is wat K self sou gebruik om sy denke te artikuleer nie: “[I]ndeed, we often suspect that what are represented as ‘thoughts’ scarcely exist in an articulated form. We frequently encounter sentences that begin as statements about K’s mental world but which carry on in language that hardly seems his” (p. 50). Attridge (2004: 50) dui ook aan dat indien sulke passasies oorgeskryf sou word in die eerste persoon dit gou duidelik sal word dat hier hoegenaamd nie te make is met K se gedagtes nie. Marais sluit hierby aan waar hy aanvoer dat die teks se uitbeelding van ’n taalvrye toestand op die plaas juis selfbewustelik die produk is van taal; by implikasie wil die teks dus slegs *klaarblyklik* poog om die plaas uit te beeld in taal: “Its actual project is to secure the reader’s response to that which it *cannot* represent” (2001a: 121-122).

Die ritme van sommige frases en die filosofiese spekulering behoort, volgens Attridge (2004: 54), nie aan K nie, maar hierdie digte taal bekragtig eerder die uitdaging wat hierdie karakter stel aan konvensionele moraliteit. Attridge voer ook aan dat die digverpakte sinne nie K se bewussyn verbeeld nie, maar eerder ’n ander oogmerk as blote representasie het: “[This method] enables us to share in the experience more completely than an attempt at a literal rendition would do” (p. 55).

Die derdepersoonsvertelling van K is ’n fyngeuanserde skryfegniese truuk waarmee Coetzee homself as meester bewys. Hy stel K se *waarde* as idiotefiguur op met ’n vertelling wat altyd buite die karakter gesentreerd is, en laat dit sodoende in die teks blyk dat hy nie wil praat namens die onbekende innerlikheid van K nie; tog verloor hy nooit die meegevoel van die leser nie. Dit is sy truuk: om al skrywende (en vertellende) voor te gee asof hy stil is. Coetzee skets K met fyn, presiese hale; elke aansig van K word belig, maar soos in die geval van ’n skildery kan daar net geraai word na die innerlikheid van die onderwerp (“subject”) wat geskilder word. Die bewustheid van die bemiddeling van taal word nooit verdoesel nie maar eerder op die voorgrond geplaas. Volgens my is K juis so ’n aangrypende karakter as gevolg van twee aspekte wat die karakter se impak op die leser wederkerig versterk: eerstens word K uiters goed beskryf van buite, in ’n taal wat nooit voorgee om sy eie te wees nie, en tweedens word sy misterie as kenbare mens bewaar. Let byvoorbeeld op die volgende gedeelte naby die einde van die teks waar K homself aan homself probeer vertel:

And if I had learned storytelling at Huis Norenius instead of potato-peeling and sums, if they had made me practice the story of my life every day, standing over me with a cane till I could perform without stumbling, I might have known how to please them When my story was finished, people would have shaken their heads and been sorry and angry and plied me with food and drink; women would have taken me into their beds and mothered me in the dark. Whereas the truth is that I have been a gardener, first for the Council, later for myself, and gardeners spend their time with their noses to the ground.

(Coetzee [1983]1987a: 247)

Alhoewel K homself onbevoeg sien as storieverteller, huiwer ander nie om sy storie namens hom te vertel nie. K weier om sy eie storie te vertel. Hy swyg nadat hulle hom vra: “Give yourself some substance, man” (Coetzee [1983]1987a: 192). Die mediese offisier is die beliggaming van die idee dat K se verhaal gedurig namens hom geskryf word. In sy soeke na die ware identiteit van K, versin die offisier stories namens hom. Gallagher sien die vertelling van die mediese offisier as ’n (tweede) slim literêre truuk van Coetzee:

[T]he interpolation of the medical officer’s narrative, with its pat formulae and insistent message, warns us of the dangers of assigning meaning to and of composing stories for the Other. Thinking that we can provide salvation through our eloquence, we often are patronizing and simplistic The medical officer’s philosophizing overinscribes Michael and robs him of his human mystery.

(Gallagher 1991: 164-165)

Dit is hierdie aalmoese en liefdadigheid waarsonder dié soos K en Friday kan doen.

7.3 Die taal van die tonglose

In *Foe* word die stemgewing van die stemlose Ander ewe sterk aangespreek. Friday se tong is uitgesny (Coetzee [1986]1987b: 23), en die verteller Susan Barton poog, soos die mediese offisier in die geval van K, om vir hierdie stemlose ’n stem te gee. Sy bedink sy storie deur van die karige bewyse te versamel. Dit is nie Friday se verhaal nie maar haar versinde verhaal oor hom, namens hom: “So I concluded he has been making an offering ...” (p. 31; my kursivering). Sy dink Friday sal bly wees hy word onsterflik deur haar beskrywing van hom (p. 58), maar hierdie idee word ondermyn deur die roman se einde. Die enigste tong wat Friday se verhaal kan vertel, sê Foe, is die een wat hy nie meer het nie (p. 67). Foe sê ook elders: “Till we

have spoken the unspoken we have not come to the heart of the story” (p. 141). Dit voel vir Barton of Friday se stilte nie net ’n fisiese onvermoë is om te praat nie, maar ook ’n stille verset om sy verhaal aan haar oor te gee: “Could it be that somewhere within him he was laughing at my efforts to bring him nearer to a state of speech?” (p. 146).

Friday kry sy spreekbeurt reg aan die einde van die romanteks. Deel IV dien as ’n epiloog in twee afdelings. Dit begin waar ’n onbekende eksterne verteller Susan Barton en Foe dood aantref met Friday as die enigste oorlewende. Friday “praat” dan vir die eerste keer deurdat die geluide van die eiland deur sy mond gehoor word: “From his mouth, without a breath, issue the sounds of the island” (p. 154).

Head (1997: 124) beweer dat hierdie gegewe nie voldoen as ’n slot van die teks is nie. Die assosiasie van die inboorling met die klanke van die eiland kan as verdere marginalisering en stereotipering gesien word, in die sin dat die inboorling as deel van die land gesien word. Verder wil ek byvoeg dat Friday as ’n Neger beskryf word (Coetzee [1986]1987b: 5) en dus glad nie as ’n inboorling van die subtropiese eiland naby Suid-Amerika nie. Dit is dus ’n verdere veralgemening om alle swartmense as inboorlinge van ’n ongerepte, vreemde wêreld te sien. Coetzee is egter hiperbewus van hierdie probleme met die uitbeelding van die Ander, en daarom bied hy ook ’n tweede slot vir die teks (die tweede afdeling van deel IV) waar Friday op sy eie gronde oorwin.

In die tweede afdeling van deel IV sien die verteller vir die eerste maal die merk om Friday se nek, die merk van slawerny (Coetzee [1986]1987b: 155). Die eksterne verteller lees Barton se teks en val oorboord in die teks in en ook in die water bo die wrak: “Bringing the candle nearer, I read the first words of the tall, looping script: “Dear Mr Foe, At last I could row no futher.’ With a sigh, making barely a splash, I slip overboard” (p. 155). Dit is egter nie seker watter een van die skepe wat in die roman genoem word, hierdie wrak is nie (Head 1997: 125). Die verteller sê: “This is not a place for words This is a place where bodies are their own signs. It is the home of Friday” (Coetzee 1987b: 157). Die roman eindig dan met die volgende woorde:

His mouth opens. From inside him comes a slow stream, without breath, without interruption. It flows up through his body and out upon me; it passes through the cabin, through the wreck; washing the cliffs and shores of the island, it runs northward and southward to the ends of the earth. Soft and cold, dark and unending, it beats against my eyelids, against the skin of my face.

(Coetzee [1986]1987b)

Die “stem” van Friday konfronteer die verteller letterlik deur teen sy ooglede, die organe van beskouing, te bots. Hierdie konfrontasie laat die

verteller swyg; dit is die einde van die teks. Head (1997: 128) vind 'n soortgelyke boodskap in die laaste paragraaf: "It is an unvoiced history which is acknowledged, a silence with a moral compulsion that, itself, silences the authorial figure who is obliged to cease his narrative in its presence ... the complicitous author willingly chooses silence (1997: 128). Vir Head (p. 128) suggereer dit Coetzee se weiering om die Ander, Friday, te skryf. Ek sou dit effens anders wou stel: Nie alleen is dit Coetzee wat weier om namens die Ander te beskryf nie, ook maak hierdie weiering van hom om sy stem te laat geld 'n spasie in die teks oop waar die tonglose, skriflose fluistering van Friday vir die eerste maal kan deurglip. Die truuk van Coetzee, soos reeds genoem, is dus om sy karakters op so 'n wyse uit te beeld dat die effek van die teks is om die leser te oortuig dat die verteller nie die arrogansie het om die onkenbare innerlikheid van hierdie skeppings te betree nie.

Coetzee slaag daarin om die Ander uit te beeld op 'n etiese wyse deurdat sy vertellings nooit die mag van liefdadige stemgewing afdwing op die onskryfbare nie. Hy kies eerder om deur die gebruik van die tegnieke wat hierdie artikel bestudeer het, en met 'n bepaalde etiese verantwoordelikheid, op 'n kunstige, skrywerlike en uiteindelik talige wyse op te tree as bewaarder van die delikate stiltes waarin die stemme van dié soos Friday en K hoorbaar sal word.

Verwysings

- Attridge, D.
2004 *J.M. Coetzee and the Ethics of Reading {Literature in the Event}*. Chicago: The University of Chicago Press.
- Attwell, D.
1993 *J.M. Coetzee: South Africa and the Politics of Writing*. Cape Town: David Philip.
- Bonta, Mark & Protevi, John
2004 *Deleuze and Geophilosophy: A Guide and Glossary*. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Breytenbach, Breyten
1984 *The True Confessions of an Albino Terrorist*. London: Faber & Faber.
- Chaloupka, William
1996 (For)getting a Life: Testimony, Identity and Power. In: Smith, Sidonie & Watson, Julia (eds) *Getting a Life: Everyday Uses of Autobiography*. London: University of Minnesota Press, pp. 369-392.
- Coetzee, J.M.
1986 Into the Dark Chamber: The Writer and the South African State. In: Attwell, D. (ed.) *Doubling the Point: Essays and Interviews*. London: Harvard University Press.

- [1983]1987a *Life & Times of Michael K.* New York: Penguin.
- [1986]1987b *Foe.* New York: Penguin.
- 1999 *The Lives of Animals.* Princeton: Princeton University Press.
- 2001 The Memoirs of Breyten Breytenbach. In: *Stranger Shores: Essays 1986-1999.* London: Secker & Warburg.
- Foucault, Michel
- 1978 *The History of Sexuality. Volume 1: An Introduction,* translated by Robert Hurley. New York: Pantheon.
- 1979 *Discipline and Punish: The Birth of the Prison,* translated by Alan Sheridan. London: Penguin.
- Gallagher, S.
- 1991 *A Story of South Africa: J.M. Coetzee's Fiction in Context.* London: Harvard University Press.
- Grunberg, A.
- 2002 Niemand verdien het om te sterven. *NRC Handelsblad*, Vrydag 3 Mei.
- Head, D.
- 1997 *J.M. Coetzee.* New York: Cambridge University Press.
- Hughes, T.
- 1957 *The Hawk in the Rain.* London: Faber & Faber.
- Kirkpatrick, B. (ed.)
- 1992 *Brewer's Concise Dictionary of Phrase & Fable.* Oxford: Helicon.
- Marais, M.
- 2000a The Possibility of Ethical Action: J.M. Coetzee's *Disgrace.* *Scrutiny* 2 5(1): 57-63.
- 2000b "Little Enough, Less than Little: Nothing.": Ethics, Engagement, and Change in the Fiction of J.M. Coetzee. *Modern Fiction Studies* 46(1): 159-182.
- 2001a Literature and the Labour of Negation: J.M. Coetzee's *Life & Times of Michael K.* *The Journal of Commonwealth Literature* 36(1): 107-125.
- 2001b Impossible Possibilities: Ethics and Choice in J.M. Coetzee's *The Lives of Animals* and *Disgrace.* *The English Academy Review* 18: 1-20.
- Rose, N.
- [1996]2000 Identity, Genealogy, History. In: de Gay, P., Evans, Jessica & Redman, Peter (eds) *Identity: A Reader.* London: SAGE, pp. 311-324.
- Rossouw, J.H.
- 1997 'n Kritiese bevraging van die subjek, mag en vryheid by Foucault. M.A.-verhandeling, Unisa, Pretoria.